

## **VRYDAG 1 MEI**

**SKRIFGEDEELTE: 1 SAMUEL 22:1-5**

**FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 22:5**

### **Gad - Oorweeg weer jou roeping in hierdie wêreld (Werkersdag)**

Dawid vlug weg uit Israel. Onder die bedreiging van Saul het dit vir hom, sy ouers en sy familie te gevaarlik geword. Hy vind 'n veilige heenkome in die land Moab in die grot van Adullam wat op 'n bergtop geleë is en oor 'n vrugbare vallei uitkyk. Daar vestig Dawid hom so goed dat ook ander vlugteling hulle spoedig by hom aansluit. Dit word 'n klein gemeenskap in ballingskap. In Adullam sal hulle wag tot die storm verby is.

Dan kom die profeet Gad (geluk) egter en beveel dat Dawid nie in dié veilige hawe mag bly nie. God stuur Dawid terug - reg in die tande van die storm in - terug na die land waar Saul vir hom wag. Dawid is immers die gesalfde koning van Israel. Dit pas hom nie om sy land te verlaat, sy roeping te versaak en aan sy eie belang voorkeur te gee nie.

So word Dawid en sy manskappe dan swerwers in hulle eie land. Dag vir dag sou hulle bedreig word, maar in Israel sou die getuienis gehoor en gesien word van 'n gesalfde koning wat in vervolging en gevaar met vertroue op God volhard en oor wie God sy genadige hand hou. Iets van Jesus, die Koning van alle konings, wat ook in sy eie land nie erken is of 'n rusplek vir sy kop sou vind nie, word hier in Dawid se optrede sigbaar.

Vandag is Werkersdag. Die wêreld vier dit met die fokus totaal op werkers se eie belang wat (desnoods met geweld en bloedvergieting) afgedwing moet word. Maar jy, gesalfde kind van God, besin eerder op hierdie dag oor die roeping wat God vir jou gee het, en oor die veilige hawe wat jy vir jouself geskep het, en oor die gestalte van die onselfsugtige Dienaar wat tog ook in ons samelewing gesien moet word.

*Sing: Skrifberyming 14-1:2, 3*

*Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)*